

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 42.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

18 Oktober 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENSTE VANDAG: Dr Petrus Venter

Eerste diens: 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Efesiërs 3: 14 - 21

Teks: **Efesiërs 3:16-18**

Sing- INTROÏTUS: Ps. 98: 1,3

TYDENS EREDIENS: Ps.92: 1,6; Ps.92: 3,4;

Ps.91: 2,8; Ps. 84: 2,6

**MAG JY DIE KRAG ONTVANG OM TE VERSTAAN
HOE CHRISTUS SE LIEFDE WERK?**

- Vra die Here na Sy krag om al meer soos Christus te word.
- Mag God ons die krag gee om al hoe meer en beter te verstaan hoe groot Christus se liefde is.

LEERPREDIKING VANAAND (18h00)

Regstreekse internet-uitsending

Skriflesing: Handeling 2: 1 - 17

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 20**

Teks: Handeling 2:17a

Sing- Ps. 123:1,2

WAT GLO JY VAN DIE HEILIGE GEES?

- Hy is waaragtig God, saam met die Vader en die Seun
- Die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun gestuur.
- Die Heilige Gees bring ons tot die Vader en die Seun

Voorsang

Ps 98 : 1,3

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps. 92 : 1, 6

Twaalf Artikels

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Deuteronomium 5

Sing: Ps. 92: 3,4

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 91: 2,8

Skriflesing: Efesiërs 3:14-21 (1983 Vertl.)

Teks: Efesiërs 3: 16-18

Preektema

**MAG JY DIE KRAG ONTVANG OM TE
VERSTAAN HOE CHRISTUS SE LIEFDE WERK?**

Dankgebed

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB
By die deure – Sustentatie GKSA

Sing: Ps 84 : 2,6

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 18 Oktober 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Sustentasië GKSA**

Sondag: 25 Oktober 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Kerklike Tydskrifte**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag – 18 Oktober 2020: Wyk 5

- **Ouderling:** Br. Jan de Kock
- **Diaken:** Br Dawie Schoeman
- **Wyksusters:** Sr. Cecile de Kock

Volgende week – 25 Oktober 2020: Wyk 6

- **Ouderling:** Br. Lukas Potgieter
- **Diaken:** Br. Michiel Burger
- **Wyksusters:** Sr. Mientjie Burger

MEELEWING

- Met leedwese maak ons bekend dat br Chris van der Merwe in die vroeë oggendure op 15 Oktober oorlede is. Ons bid vir sr Maryna, br Johan en sr Christa, sr Chris-Marie en br Hanré en die res van hulle kinders, families en geliefdes die troos van die Heilige Gees toe. Troosdiens reëlings en verdere reëlings sal ons deurgee sodra dit bekend word.
- Diak Michiel Burger se pa het die afgelope week 'n ernstige aanval van beroerte gehad. Daar is vertroue dat die skade nie permanent sal wees nie. Hy is tans nog in Kimberley hospitaal vir verdere toetse en ondersoek.

VERJAARSDAE

Dinsdag 20 Okt Ina Heunis

Woensdag 21 Okt Christine Venter

Saterdag 24 Okt Jaco van der Walt; Caroline Coetzee

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Gemiddelde bydrae per bydraende eenheid	R695.00
Persentasie bydraende eenhede	67%
Werklike inkomste	R571 974.00
Werklike uitgawes	R649 658.00
Tekort	R77 684.00
Ramings per lidmaat per jaar	R543.29

Finansiële inligting 1 Maart 2020 tot en met 30 September 2020. Vir enige navrae kontak Finansiële kommissie. Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

KERMIS-PROJEK

Weereens hartlike dank vir almal se hulp, betrokkenheid, ondersteuning en samewerking met die mini-Kermis en die vleisprojek wat steeds aan die gang is. Die Here is vir ons hierin goed. Rouvleis-verkope is ook nog aan die gang. Kontak asb. vir oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168) of dr. Petrus Venter (064 558 7204) vir verdere aankope maar ook om ons vleis te help adverteer en te verkoop.

GROENWATER-NUUS

Ons dink aan hierdie gemeente. Ons voorneme is om binnekort weer met dienste te begin.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuurd. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by <https://bit.ly/3j1e2xT>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-kategese ... Indien moontlik wil ons vandag saam met ons kinders en ouers en hulp-kategete vergader vir die pad vorentoe wat die res van hierdie jaar betref.

Hoërskool – kategese sal voortaan plaasvind soos aan die ouers en ons katkisante deur WhatsApp ooreengekom. Daar word 'n les deur YouTube opgelaa; daar word ook vrae aan die les toegevoeg en Maandae moet die vrae skriftelik beantwoord wees dat opvolg van werk by volgende opname op Dinsdae ook gedoen kan word. Ons gee geleentheid tot 3 November vir almal om in te haal en sal dan DV ook week 17 se opnames doen.

DORKAS- SUSTERS

Tafeldoeke: Ons versoek die susters dat as daar nog enige tafeldoeke by u aan huis is wat aan die Kerk behoort u dit wel so spoedig moontlik weer by die Kerkkantoor afgee. Daar is 'n aantal tafeldoeke uitstaande ...

Sr Zaan Meyer wat vir baie jare die groot taak op haar geneem het om die tafeldoeke skoon en netjies te hou word van harte bedank vir hierdie besondere diens wat sy verrig het.

Dit is egter nou iemand anders se beurt ... Die susters versoek enige vrywilliger om na vore te kom om hierdie taak op te neem. Skakel met die Kerkkantoor om u hulp aan te bied.

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook in die tyd 'n groot bydrae tot HJV kon maak.

BYBELSTUDIE

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die gebed waarby ons hierdie week by wil kom staan in 2 Konings 6: 8-17. **Elisa wat die Here vra dat Hy sy dienaar se oë geestelik moet open. “Here, open sy oë dat hy kan sien ...” (2 Kon 6:17)**

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)


Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by

<http://www.pretoriafm.co.za> .

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

KERKKANTOOR

Ons begin weer kyk na 2021 se kalender. Ons vra as daar enige inligting is wat jul as gemeente op die kalender wil byvoeg of enige veranderings en of voorstelle. Die Kerkkantoor is weer elke dag van die week oop, vanaf 9h00 – 13h00 tensy u voorafkennisgewing ontvang per WhatsApp ontvang het.



ALMANAKKE 2021

Die kerkkantoor versoek dat ons almal so vinnig moontlik ons bestellings vir volgende jaar se Almanak sal deurgee. Dit is die jaarboek met al die dagstukkies en gemeente-inligtings daarin vervat. Prys is R90-00 wat Kerkraad waarskynlik op R100-00 gaan stel om die vervoer en verpakking hierheen ook te dek. Sr Koos wil graag voor die einde van die maand bestellings reeds gefinaliseer het.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV 18 Nov. 2020 plaas.

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Kerkkantoor ure: Maandae, Woensdae en Vrydae 9h00 – 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	34
Bydrae: Teologiese EMHF G-Wes	R 545.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	R 1159.00

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Snap here to pay



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za